# 'n Groot klomp vis

## *Lukas 5:1-11*

1. ONTHOU: Lees Johannes 4:50-52. Presies wanneer het die regeringsamptenaar se seun gesond geword?

*Die oomblik toe Jesus gesê het "jou seun lewe". Al was Jesus nie naby die seun nie, nie eers in dieselfde dorp nie, het die seun op sy Woord gesond geword, op daai oomblik, een uur die middag.*

2. Lees Matteus 4:18 en Lukas 5:4-5. Het Petrus iets van visvang af geweet of het hy dit maar net nou en dan vir die pret gedoen? Dink jy Petrus het gedink hulle gaan iets vang as hy nou die nette uitgooi soos die Here hom die opdrag gegee het?

*Petrus was 'n visserman van beroep en het daarom nogal iets geweet van visvang. Hy moes, hy moes sy lewe daarvan maak. Daarom weet hy dat hulle al die hele dag en nag sukkel om iets te vang hulle nie nou iets gaan vang nie en gooi hy maar twyfelagtig die nette weer in net omdat die Here gesê het hulle moet en nie omdat hy, in sy ervare opinie, dink hulle gaan iets vang nie.*

3. Lees Lukas 5:6-7. Wat gebeur toe Petrus weer die nette uitgooi? Hoe het dit gebeur?


*Hulle vang so baie vis dat die nette wil skeur. In 'n oomblik verander die hele situasie van waar hulle die heletyd niks gevang het nie, vang hulle nou meer as ooit. Vir hulle wie se lewens daagliks van hulle visvangs afgehang het moes dit 'n groot belewenis gewees het om al hierdie visse te sien. Jesus doen hierdie wonderwerk, hy vul die vissermanne se nette met die visse.*

4. Lees Lukas 5:8. Beskryf Petrus se reaksie op hierdie groot visvangs. Hoekom dink jy reageer hy so?

*Petrus val voor die Here se voete neer en vra Hom om eerder weg te gaan van hom af, want hy is 'n sondige mens. Hy besef op daardie oomblik dat Jesus die Here is, die Messias en dat hy, as sondaar nie waardig is om in die Here se teenwoordigheid te wees nie. Die Here wil egter hê dat Petrus sy dissipel moet word, dat hy Hom moet navolg en by Hom leer.*

5. Lees Lukas 5:10. Wat beteken hierdie woorde wat Jesus hier sê en watter opdrag het dit vir jou?

*Die Here sê vir Petrus dat hy nou mense gaan vang, 'n visser van mense gaan wees. Hy bedoel daarmee dat Petrus mense vir die koninkryk van God gaan wen deur 'n getuie te wees van dit wat Jesus hier op aarde kom doen het. Dit het Petrus ook gedoen en het hy uitgegaan en vir die mense gaan preek na die uitstorting van die Heilige Gees en baie mense het tot bekering gekom. Dit is ook ons opdrag, dat ons ook vissers van mense moet wees. Ons moet elke dag, oral waar ons kom, van die Here se liefde vertel en vir mense wys wat dit beteken om 'n kind van God te wees, sodat hulle ook sy liefde kan leer ken en Hom as Verlosser aanneem.*



WESKERK KIDZ

waar elkeen sy kerk is